

SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 12:4-6; JOHANNES 13:2-5

FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 12: 6; 13: 2

Judas – God waarsku uit sy omgeeliefde

Kon 'n mens nie maar oor iemand anders as Judas 'n oordenking skryf nie? Dit mag vele se gevoel en gedagte dalk wees. Tog speel Judas 'n rol wat nie misgekyk mag word nie en kom 'n duidelike waarskuwing deur hom tot elkeen van ons. Laat ek dit so stel: sy sondige ingesteldheid, selfs in die nabye liefdeskring van Jesus, laat ons eintlik besef: elke sonde wat ons doen, doen ons in die nabye liefdesverhouding met Jesus.

Hoe ons daaroor mag dink: Jesus kies Judas as een van sy 12 apostels. Judas doen baie saam met die ander 11 en ontvang die wonderlikste onderrig van die groot Leermeester. Hy word saam met die ander uitgestuur en kry dieselfde vermoëns as hulle. Ons leer in Lukas 9:1 dat Jesus aan die 12 die vermoë gee om duiwels uit te dryf en siekes te genees. Judas kry presies wat die ander 11 kry. Meer nog: Jesus bewys nederige diens aan Judas deur sy voete te was en hom aan die paasfees en eerste nagmaal te laat deelneem.

Uiterlik lyk alles wel met Judas, maar sy innerlike, sy hart is vol boosheid. Hy was 'n dief, want hy steel van die geld wat vir die 12 bedoel is. Hy was met ander woorde op homself gerig. Satan het hom beset (omdat Judas se hart boos was, kon hy!) en word hy Jesus se verraaier.

Dit moet tog met ons praat en as waarskuwing dien: Godsdien is om in 'n lewende liefdesverhouding met God Drie-Enig te staan. 'n Verhouding waar ek verdwyn en God se wil voorop staan. Waar dit duidelik word: diens aan God en nie bedien word nie, is die kernsaak. So gebruik God ook iemand soos Judas om met ons te praat en dit in die vorm van 'n waarskuwing vanuit sy omgeeliefde.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr. P (Piet) Fanoy (Windhoek)